

18 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 18:18-30

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 1

### God is goed

As Jesus 'n vraag vra is dit nooit omdat Hy nie weet wat die antwoord is nie. Hy is mos alwetend. Hy vra eerder om ons te laat nadink. "Waarom noem jy my goed?" vra Jesus vir die jongman (vers 19), en nooi ons uit om saam na te dink oor sy goedheid.

Ons kan 'n verkeerde idee van God se goedheid hê. Meister Eckhart verduidelik dit met die voorbeeld van 'n koei. Mense noem 'n koei goed as sy goeie melk, room en vleis lewer. Só, sê hy, dink baie mense ook oor God. Hulle noem God goed, omdat Hy goeie dinge soos troos, bemoediging en raad aan hulle bied. Die ryk jongman noem Jesus goed, omdat hy gehoor het dat die ewige lewe by Hom te vinde is (vers 18).

Is God goed omdat Hy aan menslike verwagtinge voldoen? Is Hy in jou oë goed omdat Hy gee wat jy verwag? Nee! God IS goed omdat Hy God is! Selfs as Hy dinge doen of vra wat jy nie as positief beleef nie is God nog goed. Die jongman het nie hierdie insig nie; daarom, as Jesus hom vra om alles te verkoop en Hom te volg, gaan hy teleurgesteld weg (vers 23).

Die gevaar bestaan dus dat mense wat God "goed" noem eintlik besig om Hom te laster. Hulle projekteer hulle eie verwagtings op God. Miskien is dit veel beter om oor God stil te bly, en terwyl jy Hom volg, die goeie te probeer raaksien in alles wat Hy beskik en doen. Probeer dit vandag. Mag jy ontdek: God is inderdaad die "alleroorvloedigste fontein" van alle goeie dinge!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~